

30 Januarie 2022



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

IN VERWONDERING
OOR DIE WONDER VAN DIE LEWE

Week van Gebed @ Hoogland
Ds Eugene Malan



Sondag 30 Januarie tot Donderdag 3 Februarie 18:30



Week van Gebed 2022

Tema vir die week: In verwondering oor die Wonder van die lewe

Sondag, 30 Januarie - 09:00

Die hele aarde is vol van Sy magtige
teenwoordigheid!

Sondag, 30 Januarie - 18:30

Die wonder van hier & nou

Maandag, 31 Januarie - 18:30

Die geraas in my kop

Dinsdag, 1 Februarie - 18:30

Wysheid in jou lyf

Woensdag, 2 Februarie - 18:30

Sien met die hart

Donderdag, 3 Februarie - 18:30

Mense, Mense, Mense

Kom word stil en beleef in verwondering die Wonder van ons lewe.

Daar sal ook lekker koffie wees elke aand ...

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens - Ds Eugene Malan

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

18:30 Week van Gebed



(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir Buffelsfontein)

0719 815 9325
facebook.com/pehoogland
pehoogland

Program vir die week

Maandag: 31 Januarie

18:30 Week van Gebed

Dinsdag: 1 Februarie

18:30 Week van Gebed

Woensdag: 2 Februarie

10:00 Gesamentlike Bybelstudie

ontmoeting by die saal

18:30 Week van Gebed

Donderdag: 3 Februarie

10:30 Woord Werkgroep

18:30 Week van Gebed

Vrydag: 4 Februarie

05:30 Mannebediening

Saterdag: 5 Februarie

10:00 Dorings & Daisies

Hoogland Dankoffers

Dankoffer-geleentheid is geloofsmomente van vertrou in God.

Elke bydrae maak dit vir Hoogland moontlik om haar Geloof deur liefde tot daad te leef.

U is welkom om enige van hierdie metodes te gebruik:



Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005



Besoekers en/of Nuwe intrekkers & -Lidmate

Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is, wil ons net sê -

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Pieter ná afloop van die diens, voor by die preekstoel.

Neem in die brosjurevakkies 'n **"Nuwe Lidmate"** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.

Besoek ook Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za >>> **EK WIL...** >>> 'N LIDMAAT WORD en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.



Hoogland Jubeljaar: #15

... Bid saam

Hierdie week Bid die Hoogland Familie spesifiek saam vir :

Sondag	... word bewus van die wonder van hier & nou
Maandag	... genoeg stilte om God anderkant woorde te ontmoet
Dinsdag	... gesonde liggame
Woensdag	... vir 'n wêreld met baie nood
Donderdag	... ons verhoudinge
Vrydag	... elkeen wat deel is van Hoogland
Saterdag	... ons mooi land

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

Baie dankie aan elke Hooglander wat skryfbehoeftes gebring het vir MTR Smit Kinderoord! Jou bydrae het beslis gehelp dat daar vele kindergesiggies met groot glimlagte die nuwe skooljaar kon begin.

Die Noodspens & Sopvriekas is feitlik dolleeg! Donasies is baie welkom en kan Sondag by Gemeentedienste of in die week by die kerkkantoor afgegee word.

Dorings & Daisies (Bediening vir die senior lidmate)

Dorings & Daisies skop Saterdag, 5 Februarie af met 'n Valentynstee vir Hoogland se senior lidmate! Indien daar enige nuwe senior lidmate is wat by hulle wil aansluit is hulle welkom om Leandra in die kerkkantoor te kontak (041 3671485) of om Saterdagoggend 10:00 net te kom en in te skakel.

Die Hoogland Familie gaan KAMP

1 - 3 April 2022, te INNIKLOOF

Stof af jou tent! Hoogland gaan kamp (14km buite Hankey)

Daar is nog plek vir 15 gesinne vir tent/karavaan - kamp.

Daar is ook nog 1 huisie vir 'n familie of vriende wat wil deel. Anders is jy baie welkom om die Saterdag deur te ry en saam met die kamp-familie te kom stap & kuier.

Laat weet dadelik vir Leandra as jy wil kom saam kamp!

Gaan loer gerus by www.innikloof.com hoe dit daar lyk en kom kuier saam!

Kostes beloop - Kamp : R100pppn, o/12@R50, o/5 gratis

Huisies : R260pppn, o/12@R130 pppn



Uit die hart...

HOE hou ek fokus in 2022? Wat moet ek doen om nie opgeslurp te raak nie in al die bedrywighede van gesin, skool, kerk, werk, ontspan, huwelik, vriende, onsekerheid oor waarheen die COVID-pandemie beweeg?

Ek luister die afgelope week na 'n *potgooi* van 'n onderhoud met Graig Groeschel (leier-pastoor van Life.Church). Hierin vertel hy dat hy besig is om sy vastevlerk vlieglisensie te bekom. Tydens die opleiding leer hy van 'n *attitude indicator*. Ek is nie 'n vlieënier nie, maar wat hy volgende verduidelik maak vir my baie sin:

Wanneer jy in omstandighede vlieg waarin jy maklik gedisorïenteerd raak soos byvoorbeeld die donker of 'n storm, val jy terug op die *attitude indicator*. Hierdie instrument help jou met wat die waarheid is omdat die vlieënier niks anders het om aan te meet nie: wys die vliegtuig se neus op of af; is die vliegtuig horisontaal of is jy besig om van koers af te vlieg.

Wat weet ons wat wáár is wanneer ons uitsig vertroebel is deur watter omstandighede ook al: siekte, dood, oorvol program, onsekerheid? Dit is waarop ons moet terugval en ons help navigeer deur die lewe.

Die enigste betroubare *instrument* dan is die Woorde van God in my Bybel en die influistering van Sy Gees. Dit is juis God se Woord wat my verseker dat as ek deur vuur of water moet gaan, is ek nie alleen nie. Die waarheid is dat ek waarde het in God se oë al dink ander nie so nie. God se ontferminge wat elke dag nuut is, gee rigting vir die dag wat begin. Bekommernisse van môre moet daar bly want vandag het genoeg uitdagings van sy eie. Ons het reeds alles ontvang wat nodig is om te lewe en God te dien...

As ons maar net die instrument sal vertrou wanneer ons uitsig troebel word...